

## 1PETRUSREEKS-AFSLUITING

### 1 PETRUS 5

**1Pe 5:5-11** En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.” (6) Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. (7) Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. (8) Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. (9) Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. (10) God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. (11) Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.

#### JUWEEL-UITSPRAKE TER AANSPORING

- 1 ONS DIEN MEKAAR NEDERIG
- 2 ONS ONDERWERP ONS AAN GOD
- 3 ONS VERTROU GOD MET ALLES
- 4 ONS LOOP WAKKER VIR DIE DUIWEL SE AANSLAE
- 5 ONS IS NIE DIE ENIGSTES IN DIE STRYD NIE
- 6 GOD SAL ONS LAAT VASSTAAN
- 7 GOD VERDIEN AL ONS LOF



#### SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Wat in die 1 Petrusreeks het vir jou die meeste geraak en bygebly?
- 2 Watter van die 7 juweel-uitsprake in hoofstuk 5 hou die meeste bemoediging vir jou persoonlik in? Waarom? Gesels rustig hieroor.
- 3 Watter belofte in hierdie gedeelte is vir jou 'n kragpunt in jou lewe? Deel met mekaar.
- 4 Wat in hierdie gedeelte daag jou die meeste uit?